

---

---

## Gal 5:2-4 - Sola fides justificat sed non fides sola est

### E300

---

---

"... as julle julle laat besny, sal Christus vir julle niks beteken nie Ek getuig weer teenoor elkeen wat hom laat besny, dat hy verplig is om die hele wet te onderhou. Julle wat op grond van die wet vrygespreek wil word - julle is van Christus afgesny, julle het die genade verbeur." (Gal 5:2-4).

**M**eermale is Bybelse waarheid 'n waarheid in ewewig, 'n waarheid in sensitiewe ekwilibrium. Soos die beroemde teoloog en filosoof van die twintigste eeu, Francis Schaeffer, graag gesê het, "Dikwels vind ons nie die volle waarheid in daar staan geskryf nie, maar in daar staan geskryf én daar staan geskryf."

Hierdie balanse van die Skrif moet ons goed van kennis neem en versigtig verreken in ons Christelike lewens. Verwaarlosing daarvan kan meermale groot ellende in 'n Christen se lewe veroorsaak en selfs tot geloofskipbreuk lei.

Een so 'n balans is vervat in die Latynse spreuk wat hierbo as titel vir hierdie preek gegee is. Ons kan dit só vertaal: "*Geloof alleen regverdig, maar nie geloof wat alleen is nie.*" Dis 'n waarheid wat op die tafels van elke Christen se hart geskryf - nee, onuitwisbaar gegraveer moet wees.

Hieroor wil ek nou verder besig wees. En hou in gedagte dat ons oor 'n lewensbelangrike saak praat - en dis nie oordrewe gestel nie, soos ek sal toon.

Oor ware saligmakende geloof kan twee dinge - ewe waar en kardinaal belangrik - gesê word, twee dinge wat ons ten alle koste *beide* moet vashou: *ware geloof is altyd*

*Sola fides justificat, sed non fides sola est*

*alleen en ware geloof is nooit alleen nie.*

### Ware reddende geloof is altyd alleen

Een van die mees fundamentele regstellings wat die 16de eeuse reformasie gebring het, is die wonderlik vertroostende waarheid dat *slegs geloofsvertroue in Christus as jou Verlosser nodig is vir regverdiging en dus vir ewige redding.* Dis vervat in die Latynse wekroep: *Sola fides justificat* - geloof alleen regverdig. *Geloof in Christus alleen - plus niks - is nodig vir ewige redding!*

'n Goeie voorbeeld hiervan sou die geloof van die misdadiger wees wat saam met die Here gekruisig is en gesterf het. Vir werke wat tipies voortvloei uit geloof, het hy eenvoudig geen geleentheid gehad nie. Tog verseker die Here hom dat die saligheid op hom wag.

Deur die eeue het miljoene Bybelgelowiges op hulle sterfbeddens - pynlik bewus daarvan dat hulle lewens bloedweinig ewigheidsvrug opgelewer het - groot troos uit hierdie man se redding geput. Dit geld selfs vir mense wat jare voor hulle dood tot bekering gekom het. Eintlik geld dit vir ons almal, nie waar nie..

Maar hier mag ons nie stop nie!

### Ware geloof is nooit alleen nie

Terwyl redding deur geloof alleen kom, is dit eweneens waar dat ware saligmakende geloof altyd, sonder uitsondering, gepaard gaan met sekere onmiskenbare genadegawes. So sal, waar redding inderdaad 'n werklikheid is, bekering, heiligmaking en volharding enduit altyd teenwoordig wees. Dis trouens hoe ons ware, egte, saligmakende geloof herken.

Dit beteken nie dat hierdie dinge altyd onmiddellik sigbaar word in 'n lewe nie. Dit beteken ook nie dat dit altyd ewe prominent is nie. Maar mettertyd sal dit wel as 'n uitvloeisel van ware geloof beheersend in 'n lewe begin

*Sola fides justificat, sed non fides sola est*

werk en as sodanig bevestig dat ware geloof inderdaad aanwesig is.

Dis waarom die spreuk hierbo kan sê dat saligmakende geloof afwesig is as hierdie dinge afwesig is. Daarenteen, waar hierdie dinge onmiskenbaar duidelik is, kan jy jou kop op 'n blok sit dat ware en reddende geloof inderdaad teenwoordig is - hoewel hierdie dinge op sigself geen bydrae tot redding lewer nie.

Daarom voeg ons spreuk by: "sed non fides sola est" (*maar nie geloof wat alleen is nie*). As daar dus aanspraak gemaak word op reddende geloof, maar dit gaan nie gepaard met die genoemde merktekens van egtheid nie, is daar net één verklaring voor: *ware en reddende geloof is nie teenwoordig nie!*

Dit is presies wat Jak 2:14-26 wil tuisbring: Geloof sonder werke is dood! (V.20). So moet ons ook Heb 12:14 verstaan - dat niemand die Here sal sien sonder 'n heilige lewe nie. En enige leser van die Nuwe Testament sal weet dat daar meer soortgelyke uitsprake is - uitsprake wat mense dikwels laat wonder hoe dit versoenbaar is met die Skrif se baie duidelike beklemtoning dat regverdiging deur *geloof alleen* kom.

### Twee uiters belangrike kwalifikasies

- Eerstens, indien daar dalk iemand is wat wonder of ons hierbo nie dalk hierdie kwessie oorbeklemtoon nie - of ons dit nie oorspan nie - laat ek jou op enkele Skrifuitsprake wys:

In Gal 5 skryf die apostel: "... as julle julle laat besny, sal Christus vir julle niks beteken nie. Ek getuig weer teenoor elkeen wat hom laat besny, dat hy verplig is om die hele wet te onderhou. Julle wat op grond van die wet vrygespreek wil word - julle is van Christus afgesny, julle het die genade verbeur." (Gal 5:2-4).

Ek glo dat die leser nie anders kan nie as om met my saam te stem dat dit hier gaan oor beëwing van die ewige lewe al dan nie.

*Sola fides justificat, sed non fides sola est*

Wat Paulus sê, is dat redding in beginsel óf deur geloof alleen kom, óf deur werke alleen. Maar natuurlik is laasgenoemde net 'n hipotetiese moontlikheid, aangesien geen mens in staat is om deur eie werke aan God se standaarde te voldoen nie. Slegs Jesus Christus kon, en het dit dan ook inderdaad reg gekry. En dit is hierdie volmaakte geregtigheid van die Seun wat aan gelowiges toegereken, oftewel gekrediteer word, sodat hulle volmaak voor God kan staan.

Maar as ons praat van 'n vermenging van God se genade en 'n bietjie van ons eie gewaande verdienste daarby ingeroer, vind God dit absoluut afstootlik. Hy deel Sy eer met niemand nie - *met niemand nie!*

Waarlik, as daar één ding is waaroor die Here God sterk voel, is dit Sy eie eer. En Hy deel dit met niemand, niemand, niemand nie.

Presies hier, net hiér, het die Judaïste se probleem gelê. Inderdaad het hulle gehuldig dat die soenverdienste van Christus noodsaaklik is vir redding en dat ons dit moet glo, maar daarbenewens het hulle óók verkondig dat dit steeds nodig is om die besnydenis en die seremoniële wet te onderhou as voorwaarde vir redding (Hand 15:1, 24). Hulle het dit dus by die werk van Christus as addisionele verdienste gevoeg.

Teen hierdie standpunt het Paulus en Barnabas hulle met alles in hulle verset (Hand 15:2). Waarom? Omdat hulle geweet het dat enige byvoeging by die verdienste van Christus katastrofiese gevolge het - dat dit, trouens, diskwalifiserend is wat die ewige lewe betref (Gal 5:2-4). En dit het selfs gegeld vir iets so gering soos die seremoniële afsny van 'n babaseuntjie se voorhuid.

Baie duidelik het dit hier gegaan oor mense wat saam met hulle vertrou in die verdienste van Christus ook hulle vertrou vir ewige redding gestel het in godsdienstige handeling en seremonies. Daarenteen het die apostels kompromieloos geleer dat sulke godsdienstige handele nooit 'n bydrae kan lewer tot redding nie, maar inderdaad diskwalifiserend is wat die ewige saligheid

***Sola fides justificat, sed non fides sola est***

betref - as daar enige vertrou in gestel word.

Waarvan sou ons vandag kon praat? Ek het geen twyfel daaroor dat ons in hierdie verband kan praat oor dinge soos kerkgang en kerklidmaatskap, geheelonthouding (drank of nikotien), sabbatsonderhouding, seksuele vroomheid, Sabbatsheiliging, die doop, die gawes van die Gees. Ons sou 'n lys so lank soos my arm kon maak van dinge wat deur mense beskou word as kwalifikasies vir redding naas geloof in Christus alleen.

Sê ek dat hierdie dinge onbelangrik is? Allermens! Maar die grond vir saligheid, of deel daarvan, is dit vir seker nie - en hieraan moet ons vir lewe en dood vashou! Dit was die kompromielose aandrang van die apostels. Redding kom *alleen* deur geloof!

- Tweedens moet ons nie aan geloof dink as 'n stuk verdienste wat regverdigung verdien nie. Nee, dis bloot die hand waarmee ek God se genadegawe vasgryp - en vasgryp daarvan is ononderhandelbaar noodsaaklik. Sonder geloof is daar dus geen toe-eiening nie, en as sodanig geen redding nie. Maar 'n bydrae tot redding lewer geloof onder geen omstandighede nie. Redding is alleen te danke aan Christus se werk - daaraan alleen.

Toegegee, hierdie is 'n baie fyn en subtile onderskeid. Maar dis uiters belangrik - lewensbelangrik! Dink dus lank en versigtig hieroor na, en maak seker jy het die beginsel baie goed onder die knie, anders loop jy gevaar om prooi te word van die duisternis dwalinge wat deur sovele verkondig word.

### **Slot**

- Hierdie weskroep wil dus hard en duidelik sê dat ware geloof - op sigself onsigbaar - altyd uitmond in waarneembare dinge soos bekering, heiligmaking en volharding, ens. Trouens, laasgenoemde dinge, hoewel dit geen bydrae tot 'n persoon se redding lewer nie, is die sigbare bewys dat onsigbare geloof inderdaad teenwoordig is, en dat redding daarom 'n werklikheid is.

***Sola fides justificat, sed non fides sola est***

- Geagte leser, as daar een saak is waaroor ek en jy glasheldere duidelikheid moet hê, dan is dit die saak waaroor ons nou besin het.

Ek is bevrees dat baie Christene, dalk die meerderheid, hierdie beginsel nie onder die knie het nie. Dit beteken dat derduisende goeie kerkmense die gevaar loop, nie om hulle weer te laat besny nie, maar om enigiets anders van hulle kant af by die verdienste van Christus te plaas. Kyk ek na die kerklike toneel in Suid-Afrika, is ek bevrees dat derduisende skuldige is hieraan, sonder dat hulle eers bewus is van die gevaar.

Ek is 'n baie oortuigde baptis en ag die beoefening van die belydenisdoop van groot belang. Maar mag die Here my daarvan bewaar dat ek in my gemoed dit by die verdienste van Christus probeer plaas as noodsaaklik vir redding.

Mens kan die tema waarna ons gekyk het op twee maniere beoordeel. Mens kan dit sien as iets van interessante en akademiese belang. Of jy kan dit beskou as van lewensbelang. Skaamteloos huldig ek laasgenoemde oortuiging. En jy?

Daar is talle verantwoordelikhede wat die Woord van God op 'n Christen lê. En sou ons dit nalaat, dobbel ons met ons ewige saligheid. Maar 'n selfs groter gevaar staar ons in die gesig sou ons enigiets hiervan by die verdienste van Jesus Christus probeer voeg.

Mag die Here ons help om hierdie balans versigtig te handhaaf soos op die snykant van 'n mes!

**Nico van der Walt**

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.

- Gereeld word 'n preek/studiestuk soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

- Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No. 148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika. E: [nico.vanderwalt@reformed.org.za](mailto:nico.vanderwalt@reformed.org.za); Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.

***Sola fides justificat, sed non fides sola est***